Maties Vriende van Afrikaans

SR-kantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602

Nuusbrief 96/1, 1 Maart 1996

Beste Vriend

Hierdie jaar is vir Maties baie belangrik: ons moet ons oortuigings openbaar maak om die dikwels verkeerde indruk wat buitestaanders van ons universiteit en sy studente kry te beveg. Sekeres, nie-verteenwoordigend van die studentegemeenskap, eien hulself jaar na jaar die reg toe om namens ons te praat, beleidsveranderinge te propageer en besluite te neem. Deur onbetrokke te bly by aksies wat die toekomstige karakter van die US mag bepaal laat ons juis hulle toe om dit te doen.

Deur aan te sluit by *Maties Vriende van Afrikaans* (MVVA) kan jy begin bydra om die situasie te verbeter. MVVA het laasjaar tot stand gekom en is ’n tak van ’n nasionale vereniging (*Vriende van Afrikaans*, gesetel op Stellenbosch). Ons is onverbonde en hou onsself uitsluitlik besig met taal-, kultuur- en sosiale sake. Laasgenoemde stuur die stereotipe wat anti-Afrikaanses van Afrikaanses voorhou in sy peetjie.

Ons hooftaak is om te sorg dat Afrikaans sy regmatige plek op die kampus beklee. Ons fokus op die Neelsie, ironies genoeg berug vir die afskeep van Afrikaans. Verder geniet die taalverdeling op Radio Matie en Matie TV ons aandag. Ons hou woelinge rondom die US se taalbeleid met kommer dop en wil bydra om te verseker dat Afrikaans nie ook hier tweede kom nie.

Hoe sterker MVVA ledetalgewys is, hoe groter invloed kan ons uitoefen. As ons baie is kan ons aksies (soos om besighede te oorreed om Afrikaans te respekteer) vinniger welslae behaal. Ek wil jou dus vra om nie net self aan te sluit nie, maar ook jou vriende aan te moedig om dit te doen. Ledewerwing en die deurgee van nuusbriewe in koshuise word aan ’n MVVA-verteenwoordiger toevertrou. So word lede deur vriende gewerf terwyl meer mense by die bestuur betrek word. Bied gerus jou hulp as koshuisverteenwoordiger aan.

Laastens wil ek jou aanmoedig om, indien enigsins moontlik, altyd Afrikaans te praat (veral in eetplekke, winkels, banke en motorhawens). So help jy deur vriendelikheid en nederigheid die stigma van stramheid en hoogmoed, wat onbillik aan Afrikaanses gekoppel word, nek omdraai. Beywer jou daarvoor om besighede wat ook Afrikaans is te ondersteun en diegene wat Afrikaans na vriendelike teregwysing en mooipraat bly misken te boikot: sorg dat hulle dit weet.

Ons nuusbrief verskyn maandeliks. Hierin word onder meer besighede vermeld wat Afrikaans ’n plek gun of misken om sodoende ons lede se aksies meer doeltreffend te rig. Laat weet my gerus van enige idees of voorstelle. Kom sien my in Majuba, bel my by 887 3725 of stuur e-pos na 9427015@firga.sun.ac.za.

Mooiwense
Johann Lochner

Ek wil aansluit by *Maties Vriende van Afrikaans.* (Sluit asseblief R10 ledegeld in.)

Naam _____ Tel. _____

Adres _____

Pos aan MVVA, SR-kantoor, Privaatsak X1, Matieland, 7602.